NOORDELIKE NGUNI KLUB NAWEEK



24 en 25 Augustus 2013

PROGRAM

Saterdag 24 Augustus 2013

09:00 - 09:30	Aankoms en Registrasie
10:00 - 11:30	Rasegte Nguni's met vleis
	Gasspreker
12:00 - 13:30	Middag ete
14:00 - 16:00	Plaas besoek – Breslau Nguni Stoet
	Dr. Johan Smit
18:00	Bosbraai

<u>Kareekloof Wildplaas</u>

GPS: S 25 51 58.7 E 27 3 12.2



Net so ietsie oor Kareekloof Wildsplaas:

Ons is ‘n Privaat Wildsplaas en ons leuse is: ***“Ons gaste arriveer as vreemdelinge, maar vertrek as Vriende”***

Ons persoonlike aandag, diens en gasvryheid onderskei ons van die res.

Ons bied verskillende tipe Akkommodasie, Country Weddings, Onthale, Reunies, Baars Visvang, Stap, Heerlike etes in die Lodge of net lekker kuier langs die swembad.

Ons pragtige natuurskoon en helder lug dra by tot die ontspanne atmosfeer. Ons het ‘n groot verskeidenheid voëllewe en die plaasgeluide is iets besonders. Ons baars dam is pragtig en die rustigheid by die dam moet jy net self ervaar om dit te kan oor vertel.

Ons is baie jaloers op ons rustigheid en vrede hier.

Etes:

Kareekloof Wildsplaas se etes word op die plaas in ons kombuis voorberei.

Ons is trots daarop om traditionele Suid-Afrikaanse geregte te maak.

Ontbyt: R65 per persoon

Kom geniet ‘n heerlike plaas ontbyt wat jou sal laat terugverlang na ouma se kombuis.

Aandete:

Braai: R120 per persoon (Aandete + Nagereg)

Wildsrit:

Wildsrit: R110 per persoon

Kontantkroeg:

Kareekloof Wildsplaas is ten volle gelisensieerd en volgens wet mag geen private alkohol of ander alkoholiese verversings op die perseel toegelaat nie word tydens ‘n funksie/konferensie nie.

Wat is hier om te doen op Kareekloof Wildsplaas?

Baars visvang (Bring eie hengelgerei)

Helderskoon swembad

Speel met binnebande op die dam

Kleilat gooi

Stap in die veld, bewonder en waardeer die pragtige natuurskoon

Bring eie fiets en ry op die plaas

Ontspan en geniet die voelgeluide

Voelkyk

Geniet ‘n heerlike kampvuur en geselskap van vriende en familie

Pool Tafel, Tafeltennis, Veerpyltjies (darts)

DSTV en DVD’s

Akkommodasie:

Koste vir selfsorg eenhede:

Luukse Chalet: (2 Slaapplek)

Een ten volle toegeruste luukse Chalet met en-suit badkamer. Volledig toegeruste kombuis. Dubbelbed met skoon beddegoed, handoeke. Daaglikse skoonmaakdiens.

Net reg vir ‘n paartjie wat ‘n bietjie wil wegbreek en kwaliteit aandag aan mekaar wil gee.

Die chalet het sy eie lapa en braaigeriewe en is 20 m van swembad.

Koste: R300 per persoon per dag.

Selfsorgeenheid: (7 - 10 Slaapplek)

Lekker ontspanne eenheid met gesellige kuierplek. Slaap 7 mense.

Twee kamers. Een kamer met dubbelbed + een kamer met 2 enkelbeddens + 3 enkelbeddens in oopplan area.

Die opsie is daar om die slaapplek met bunkerbeddens te vermeerder na 10 slaapplek.

Deel badkamer. Ten volle toegerus met beddens, beddegoed, handoeke en daaglikse skoonmaakdiens. Eie lapa en braaiplek.

Koste: R250 per persoon per nag.

Gastekamers:

Opsie 1: Met klein basiese kombuis

‘n Gerieflike gesinsgastekamer met skoon, netjiese beddegoed en handoeke. Dubbelbed en 2 enkelbeddens. En-suite badkamer. Private Ingang.

Klein toegeruste kombuis met toebehore. Mikrogolfoon, stofie met klein oond, yskas, ketel, eetgerei en braaigeriewe

Koste: R250 per persoon per nag.

Opsie 2 (a)

Gerieflike gastekamer met skoon, netjiese beddegoed en handoeke. En-suite badkamer. Die kamer slaap 2 mense maar die opsie is daar om die slaapplek te vermeeder met bunkerbeddens. Private Ingang. Ideaal vir toeriste wat ‘n skoon bed nodig het om te rus vir die lang pad die volgende dag.

Ketel, bekers, koffie en tee. Braaigeriewe

Let wel: Indien u hierdie opsie kies, moet etes by die Lodge vooruit bespreek word, of u moet na die naaste dorp met restaurant gaan vir ete.

Koste: R200 per persoon per nag.

Opsie 2 (b)

Gerieflike gastekamer met skoon, netjiese beddegoed en handoeke. En-suite badkamer. Die kamer slaap 2 mense maar die opsie is daar om die slaapplek te vermeeder met bunkerbeddens. Private Ingang. Ideaal vir toeriste wat ‘n skoon bed nodig het om te rus vir die lang pad die volgende dag.

Ketel, bekers, koffie en tee. Braaigeriewe

Let wel: Indien u hierdie opsie kies, moet etes by die Lodge vooruit bespreek word, of u moet na die naaste dorp met restaurant gaan vir ete.

Koste: R200 per persoon per nag.

Kampeerstaanplek:

Die kampeerstaanplek is langs die baars dam en die natuurskoon is iets besonders.

Die koste is R120 per tent of karavaan per dag + R70 per persoon per dag dagfooi. Met ‘n maksimum van 4 persone per staanplek.

Houthuise in boskamp:

Ons het twee houthuise by ons kampplek wat mense gebruik as hulle nie ‘n tent of karavaan het nie, of eenvoudig nie lus is vir die moeite nie.

Ons gee net die dak oor jou kop en ‘n bed en matras. Verder moet jy alles saambring soos jy sou gedoen het as jy met jou tent of karavaan sou kom. Die houthuise kan elk 11 mense akkommodeer.

Die koste in die houthuise is R150 per persoon per nag sonder linne en

R200 per persoon per nag indien ons linne verskaf.

Die kamp terrein en houthuise maak gebruik van ons ablusie fasiliteit. Maw daar is nie ‘n badkamer in die houthuise nie.

Notas:

- Alhoewel die bogenoemde datums op die oomblik beskikbaar is, kan dit enige tyd verander. Ons beveel u dus aan om so gou as moontlik ‘n besprekingsdeposito te betaal om teleurstelling te voorkom.
- 50% Nie-terugbetaalbare deposito word verlang met bespreking.
- Die balans 10 dae voor die geleentheid
- Indien die bespreking gekanseleer word 30 dae of minder van die besprekingsdatum is die volle gekwoteerde bedrag betaalbaar.
- Ons werk op ‘n “first come, first serve” basis en geen dag sal oopgehou word sonder ‘n deposito nie.
- Internetbetaling of Kontant in die hand welkom.
- Ons aanvaar Visa en Masterkaarte + 5% Bankkoste
- Indien kontant in ons bankrekening inbetaal word, word 5% bankkoste gehef.
- Reg van toegang voorbehou
- Let asb daarop dat al ons akkommodasie deel akkommodasie is. Maw. Mense slaap saam in kamers.
- U betree die perseel op eie risiko en die reels en regulasies van Kareekloof Wildspaas moet alle tye nagekom word.
- Kareekloof Wildsplaas is ten volle gelisensieerd en volgens wet mag geen privaat alkohol op die perseel gebring word nie.
- Ouers neem persoonlik verantwoordelikheid vir hul kinders.
- ‘n R300 Breekskade deposito betaalbaar (Terugbetaalbaar 7 dae na die geleentheid)
- Geen troeteldiere word toegelaat.
- Die prys sluit 14% BTW in.
- Indien enige iets gebruik word wat nie op die kwotasie gespesifiseer word nie, is dit vir u rekening.
- Kareekloof Wildsplaas se kombuis dra nie verantwoordelikheid vir die kwaliteit van die kos indien u gaste vir die funksie laat is of indien die ete later bedien word agv u beplanning nie. Wanneer daar op ‘n bepaalde tyd besluit is vir die ete, sal Kareekloof Wildsplaas daarby hou en ons verwag dat u dieselfde sal doen.
- Geen harde musiek sonder vooraf goedkeuring nie.
- Geen vierwiel motorfietse word op die plaas toegelaat nie. Mense kan in die grondpad buite om die plaas vierwiel motorfiets ry.

Kontak gerus vir Annalize Prinsloo Cell: (+27) 83 654 8139
Email: annalize@bushpro.co.za